**14 September** **Skrifgedeelte: Psalm 138**
**Fokusgedeelte: Psalm 138:6**

## Vrug van nederigheid

Die Here verwag van ons as sy kinders om elke dag nederig te wees. Nederigheid is nie om ’n swak selfbeeld te hê of om jou voortdurend voor ander af te kraak nie. Nederigheid is om nie meer van jouself te dink as wat jy behoort te dink nie (Rom 12:3). Dit is om nie groot in jou eie oë te wees nie of te dink jy is beter as ander nie. Nederigheid is juis om die ander hoër te ag as jouself (Fil 2:3). Nederigheid kom ook uit in ons gesindheid teenoor die Here. ’n Nederige mens sien God se grootheid raak en sy eie geringheid en kleinheid voor God. ’n Nederige mens loof en prys God vir sy grootheid. ’n Nederige mens dank God vir sy onverdiende genade, liefde en sorg. ’n Nederige mens dink groot oor God se heerlikheid, sy majesteit, krag en vermoë. ’n Nederige mens is klein voor God se Woord en sy openbaring en is bereid om hom te onderwerp aan God se wil en dit te gehoorsaam.

Die blye boodskap van ons Psalm is dat die groot en verhewe God in liefde uitreik na nederige sondaarmense en vir hulle omgee. Hy verhoor die gebed van die nederige en gee aan hom nuwe krag. Hy is lief vir elkeen wat in nederigheid voor Hom lewe en beskerm hom teen gevare. Die pad van die nederige mens is ’n pad wat tot in ewigheid goed afloop saam met God, maar die weg van die hoogmoedige lei tot ’n ewige val. Bid vandag weer dat die Heilige Gees jou sal vul, sodat jy die vrug van nederigheid al duideliker sal dra.

*Sing: Ps. 147:2, 4 (1936-beryming)* *Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)*